SARL-NUUS - SONDAG 26 APRIL 2009

U luister na ZS6SRL, die amptelike radiostasie van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasio

Hierdie en vorige bulletins kan van www.sarl.org.za afgelaai word en u kan ook daar inteken

U nuusleser is (Naam en Roepsein), op 145,725 MHz vanuit Pretoria, met herleidings op 28,325

In die nuus vandag:

PRESIDENTSREDE GISTER

JAARLIKSE SARL-TOEKENNINGS

PUBLIKASIE VAN GEWYSIGDE RADIOREGULASIES BINNEKORT VERWAG

2009 SE RTA-PROGRAM

U luister na ZS6SRL. Bly ingeskakel vir meer besonderhede oor hierdie en ander belangrike e

PRESIDENTSREDE GISTER

Hier volg n verkorting van die toespraak wat Rassie, ZS1YT, gisteraand tydens die Nasionale
Rassie het daarop gewys dat die SARL vanjaar sy 85ste verjaardag vier en dat die SARL gedure
Rassie het gesê dat amateurradio n omvattende stokperdjie is wat baie moontlikhede vir eksp
Hy het aangetoon dat ons weer by n kruispad staan en het gevra of elke radioamateur die SAR
Ons is teen hierdie tyd bewus dat die ANC vir die volgende 5 jaar die land sal regeer en hul

Die ANC en sy regering behoort te verseker dat die toekenning van spektrum wat 'n skaars nasionale publieke hulpbron is moet bydra tot die bevordering van nasionale belange, ontwikkeling en diversiteit. Dit moet behels uitbreiding aan die hoeveelheid spektrum en lisensies toegewys vir publieke gebruik; soos byv. gemeenskapsradio en TV en mobiele tegnologieë Die frekwensiespektrum wat aan amateurradio toegeken is, moet duideliik bydra tot Nasionale belang. Die frekwensiespektrum wat aan amateurradio toegeken is moet heel duidelik bydra tot Nasionale belang. 'n Senior amptenaar van die Departement van Kommunikasie het 'n rukkie gelede gesê dat amateurradio in die kategorie van gemeenskapradio val aangesien ons HAMNET se noodkommunikasieaktiwiteit 'n reuse bydrae tot die gemeenskap maak wanneer dit die meeste benodig word. Rassie het gesê dat ons niks anders hoef te doen as wat ons reeds doen om die beleidsbesluit te voldoen nie, maar, ons moet net meer daarvan doen. Dus, vir die volgende jaar: Brei ons aktiwiteite uit ten einde 'n beter begrip van wat amateurradio is tuis te bringen hoe dit bydra tot die land, nie net in terme van noodkommunikasie nie, maar ook die waarde in die klaskamer om groter belangstelling in wetenskap, ingenieurswese en tegnologie te kweek. Gaan voort met eksperimentering in nuwe tegnologieëen dra by tot die land se stoor van kennis. Drie programme wat hierdie items direk aanspreek is: Die publieke inligtingsnetwerk Die Radiotegnologie-in-Aksieprogram; Die amateurradioseminaar vir publieke amptenare. Rassie vra dat ons bywoning van die RTA s verhoog en dat ons die publieke inligtingsnetwerk ondersteun. Terwyl al

die beplanning vir op die lug aktiwiteite soos vir die 2010 Wêreldbekersokker en die IARU Streek 1 konferensie in 2011 aan die gang is, doen hy 'n beroep op alle radioamateurs deur by die Nasionale Liggaam vir amateurradio aan te sluit en van u tyd en kundigheid af te staan om die programme te laat werk. Hy sê hy is seker dit is die regte pad en vra kan hy op u staatmaak?

JAARLIKSE TOEKENNINGS DEUR DIE SARL

Tydens die dinee gisteraand is erkenning verleen aan individue en klubs vir dienste gelewer

Lewenslange erelidmaatskap, die SARL se hoogste eerbewys aan: Henry Chamberlain, ZS1AAZ.

Willie Wilson Goue Kenteken aan Francois Botha, ZS6BUU, vir sy werk as Hamnetbestuurder maar ook vir sy ondersteuning aan die SARL-kantoor.

Jack Twine Verdienstelikheidstoekennings aan: ZS4TX ZS4U ZS4S ZS4JAN Die toekenning is vir die werk wat hierdie amateurs gedoen het met die oprigting van die ZS9X-kompetisiestasie en die internasionale reputasie wat dit verwerf het.

Icom Voortreflikheidstoekennings aan, die tweede hoogste toekenning van die SARL. 2008 - Andre Botes, ZS2AC, and Paul Smit, ZS6NK, vir hulle werk aan 4 m metoorspreiding hulle het die eerste 4 m MS QSO buite Europa gemaak en het 'n MS-rekord en afstandrekord opgestel.

Die Presidentstoekenning aan Bert Howes, ZS6HS, omdat hy al meer as sewentig jaar lid van die SARL is. n Goue pen sal tydens die eerskomende RTA by die NARS aan hom oorhandig word..

Hamnetskild, 'n nuwe toekenning, aan Glenham Duffy, ZS5GD, vir sy ondersteuning aan 84 Seineenhede, HF-herleidings, hulp met bedryf van die Gesamentlike Bedryfsentrum in Durban en die sleutelrol wat hy vervul het met die onwikkeling van Hamnetopleidingsmodules.

Die Arthur Hemsley 2 m-bedryfstrofee vir buitengewone prestasies op AMA of modusse soos troposferiese voortplanting. Dit is nie vir die langste afstand bereik nie, maar eerder vir volharding om iets spesiaal op 2 m te bereik aan Glenn Kraut, ZS2GK, vir sy prestasie met die kontak met Philippe Mondon, FR5DN.

Joseph White Plaket vir buitengewone prestasie in die 70 cm band aan Willem Badenhorst, ZS6WAB, vir sy AMA- en Tropo-aktiwiteit.

Bert Buckley Sesmetertrofee aan Paul Smit, ZS6NK, vir sy QRP- (100 W en enkel-Yagi) 6 m QSO met W7GJ dmv. 6 m AMA.

Radio ZS-skild aan Hans van de Groenendaal, ZS6AKV, vir sy ondersteuning aan Radio ZS gedurende die jaar.

JJ Pienaartrofee aan Vidi La Grange, ZS1EL, vir sy artikels in Radio ZS, oor veranderings aan die "Force 12"-antennas.

Gary Immelman Radioamateur Erfeniswisseltrofee met 'n goue pen vir die beste artikel van 'n historiese aard aan Dennis Wells, ZS1AU, vir sy reeks artikels in Radio ZS: "These Really were the Good Old Days"

Arland Ussher Goue Pen aan Carol Defty, ZS1MOM, vir haar gemiddeld van 95% behaal in die Mei 2008 RAE.

SARL HF-kompetisietoekennings:

Die volgende wisseltrofees word tans jaarliks tydens die SARL se AJV toegeken. Hulle word toegeken aan die wenners in die verskeie kategorieë van die jaarlikse SARL-HF-kompetisies.

Stil Sleutel-gedenktrofee in die ESB-kategorie aan Gary Potgieter, ZS5NK.

Stil Sleutel-gedenktrofee in die GG-kategorie aan Hans Kappetijn, ZS6KR.

Joseph White Trofee vir die hoogste telling behaal in enige enkel band gedurende die HF-foonkompetisie aan Jan Botha, ZS4JAN.

Fred Mills Trofee aan die persoon wat die hoogste telling in die HF/GG-kompetisie behaal het maar wat nog nooit voorheen 'n trofee in 'n SARL-HF-kompetisiegewen nhet nie, aan Pierre van Deventer, ZS6BQS.

Anon Trofee vir die hoogste telling behaal in enige enkel band gedurende die HF-GG-kompetisie aan Vidi La Grange, ZS1EL.

HOS-trog aan die amateur wat die hoogste totale telling in beide die HF-kompetisies behaal aan Jan Botha, ZS4JAN.

Die Klubdeelnametrofee vir die klub vir die grootste deelname aan beide die HF-GG en foonkompetisies aan die Bloemfontein Radioamateurklub, ZS4BFN.

PUBLIKASIE VAN GEWYSIGDE RADIOREGULASIES BINNEKORT VERWAG

OKOSA het bevestig dat die finale konsep vir die Staatskoerant Vrydag aan die OKOSA-Raad vv

LAASTE GELEENTHEID OM VIR DIE 2009 KONSTRUKSIEKOMPETISIE IN TE SKRYF

Die sluitingsdatum vir inskrywings vir die 2009 konstruksiekompetisie is aangeskuif tot 28 A

2009 SE RTA-PROGRAM SAL U ASEM WEGSLAAN

Volle besonderhede van die RTA-program is op die SARL se webwerf gepubliseer. Dit is een va
Toegangsgeld is slegs R30 wat deelname in die bywoningstrekking insluit. Die hoofprys is n

KOMPETISIENUUS

Die uitslae van die BHF/UHF-kompetisie wat op 21 en 22 Maart gehou is, bekend gemaak. Die k
Multioperateurstasie:

1ste Magalies Radioamateurklub, ZS6MRK, 21 077 punte; 2de John Vorster Tegnologiese Skool Radioklub, ZS6JVT, 4 739 punte. Enkeloperateurstasie: 1ste

Johan van Aarde, ZS2I, 2 811 punte; 2de Marius Preston, ZS4MP, 2 008 punte; 3de Tienie Herbst, ZS6MHH, 1 285 punte; 4de Bert Howes, ZS6HS, 413 punte; 5de Theunis Potgieter, ZS2EC, 165 punte.

Die eerste ZS3 Naelloop is op Sondag 3 Mei vanaf 16:00 tot 17:00 SAT met foon en GG op 40 me

KLUBNUUS

Die Sasolburg Radioklub bied 'n jakkalsjag aan op Saterdag 2 Mei. Jagters vergader om 08:00

Die Noord-Kaap Amateurradioklub gaan op 1 en 2 Mei 2009 'n veldstasie bedryf op versoek van die Noordkaapvoortrekkers wat hulle jaarlikse Vasbytkamp aanbied. Die Voortrekkers sal ook in die aande die geleentheid kry om amateurradio te ervaar, luister uit vir ZS3NC en praat met 'n voortrekker.

HF-VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, rapporteer dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak die komende week baie
Die hoeveelheid energie van die son wat die Suidelike ionsofeer bereik is besig om af te nee
Gedurende laatmiddag en die aand gaan toestande na die Noorde goed wees. Noordoostelike, Noo
10 MHz lyk laatmiddag en na sononder bruikbaar vir die Morsekode- en digitale entoesiaste.
Plaaslike toestande gaan gedurende die dag op 40 m goed wees. 80 m behoort gedurende vroegog
Saans is 80 m die beste keuse. Ongelukkig is die geraasvlakke agv. statiese ontladings nog b
Onthou dat hierdie net 'n voorspelling is en dat HF u aangenaam kan verras. Skakel u stel aa
Besoek gerus www.spaceweather.co.za vir meer inligting.

DAGBOEK VAN GEBEURE

28 April - Laaste dag vir inskrywing vir die 2009 konstruksiekompetisie; 1 en 2 Mei Voortrekkerkamp ZS3NC; 2 Mei Wesrand se snuffelmark; 2 Mei Sasolburg se jakkalsjag; 3 Mei - ZS3 Naelloop; 9 Mei - RTA by die NARS; 15 Mei - Sluitingsdatum vir die SAROT-toekenningsnominasies.

SARL-nuus nooi klubs en individue om nuusberigte wat vir radioamateurs en kortgolfluisteraar

Die SARL nooi u ook om te luister na die program Amateur Radio Mirror International, wat om

U het geluister na 'n nuusbulletin van die Suid-Afrikaanse Radioliga wat deur Dennis, ZS4BS,

Dankie dat u geluister het. 73.

/EX